

MAAK KRAGVOER VAN JOU KUILVOER



Bewaar die energie in jou kuilvoer natuurlik.

BIOMIN® BioStabil is 'n reeks kuilvoer-inokulante wat fermentasie in 'n breë kuilvoerspektrum (gras, lusern, graan-heelplante, klawer, mielie-heelplante, ens.) verbeter en versnel deur pH-waardes gedurende die inkuilproses vinniger te verlaag.

Sodoende word kuilvoerstabieleit tydens voer-onttrekking uit die kuilvoerbunker verbeter, selfs nadat die bunker oopgemaak is. Die resultaat is 'n hoër droëmateriaal-, energie- en voedingstofbehoud – 'n waarborg vir laer insetkoste plus hoër produksie en wins.

Kry meer besonderhede by www.biomin.net/kragvoer of skakel ons by 018 468 1455.



Natuurlik voor

Biomin®

Hoe winsgewend is kuilvoer-inokulante?

Omdat voer dikwels meer as die helfte van 'n veeboerdery se koste beslaan, word dit al hoe belangriker om 'n groter hoeveelheid van hoëghalteruvoer op die plaas te produseer – 'n besluit wat 'n reusebydrae tot 'n boerdery se sukses kan beteken.

Die beste manier om hierdie kostes te beheer, is deur die produksie van hoëghalte kuilvoer. In tye waar die bedryf se marges onder druk is, is daar min ruimte vir eksperimentering. Heelwat veeboere is skepties oor die waarde wat kuilvoer-inokulante kan bied. Daar is oor die afgelope paar jaar heelwat navorsing gedoen wat aandui dat kuilvoer-inokulante die verlies aan voedingstowwe gedurende die kuilvoerproses effektief verminder en diere se prestasie verhoog.

Ons het 'n gulde geleentheid om koste te verlaag (laer voerkoste) deur hoëghalte-kuilvoer te produseer. Wanneer ons goeie gehalte kuilvoere produseer, verminder ons die hoeveelheid energie en proteïene wat ons as konsentrate moet voorsien of aankoop.

Geen boer kan vandag bekostig om foute te maak by die inkuiling van gewasse nie. Om kuilvoer reg te kan maak, vereis begrip van wat tydens inkuiling gebeur. Kom ons ontleed wat presies gebeur.

Die boustene van fermentering

Inkuiling is die proses waartydens nat plantmateriaal geoes, gekompakteer en onder anaërobiese toestande (in die afwesigheid van suurstof) geberg word. Die preservering vind plaas deurdat suiker (water-oplosbare koolhidrate) wat in die plantmateriaal aanwesig is, deur melksuurbakterieë na melksuur omgeskakel word. Dit veroorsaak dat die pH daal na 3,8 tot 4,2. Die bakterieë sal eers aan die werk spring wanneer suurstoftevoer afgesny is. Mikrobe-aktiwiteite staak dan later weens 'n lae pH-vlak en die materiaal bly stabiel, mits dit nie met water of lug (suurstof) in aanraking kom nie. Om verlies aan voedingstowwe te beperk moet hierdie proses dus vinnig verloop en die bunker moet so gou moontlik met plastiekseile afgesëel word.

Ons sien dalk nie wat in die proses gebeur nie, maar 'n benadering van “wat ek nie kan sien nie kan my nie skaad nie” kan ons duur te staan kom. Om optimale inkuiling te verseker, het 'n boer twee hoofprioriteite.

Prioriteit nommer een: Kry die suurstof uit

Giste, swamme en bakterieë kom natuurlik op die buitekant van die plant voor. Sodra die plant gekerf word, begin hierdie organismes aktief groei. Tydens die aërobiese fase (nog in die teenwoordigheid van suurstof) word suurstof gebruik deur die respirasieproses

van plantselle en die aërobiese aktiwiteite van giste, swamme en bakterieë. Giste en swamme sal plantsuikers en suurstof benut en die kuilvoer word warm. As die lug nie dadelik uitgeskakel word deur die kuilvoer in die bunker vas te trap nie, sal die aërobiese aktiwiteite van giste en swamme voortgaan en uiteindelik verrotting van die plantmateriaal tot gevolg hê. Daarom moet die bunker so gou moontlik gevul en lugdig verseël word. Dit maak nie saak van watter gewas die boer kuilvoer maak nie; die spoed waarteen hy dit doen, is belangrik om goeie gehalte te verseker.

Prioriteit nommer twee: Stop chemiese en mikrobiële aktiwiteit

Ongewenste mikrobiële aktiwiteit moet so gou moontlik stopgesit word. Sodra suurstof nie meer beskikbaar is nie (die anaërobiese fase) sal die groei van giste en swamme grootliks staak en sal proteïene-afbraak beperk.

Die inkuilingsproses (preservering) vind plaas in die afwesigheid van suurstof, wanneer melksuurbakterieë begin om suikers wat in die plantmateriaal aanwesig is, na melksuur om te skakel. Hierdie fermenteringsproses duur voort totdat die suurheidsgraad van die ingekulde materiaal 'n bepaalde vlak (pH) bereik, waarna alle prosesse (plantselrespirasie en mikrobe-aktiwiteit) staak en die materiaal gepreserveer is. Die melksuur dien dan as die belangrikste preserveermiddel. Die pH moet binne drie dae van 6 na 4 daal.

Sodanige pH-verlaging – in baie gevalle tot 'n pH-vlak van onder 4 – is nodig ten einde die verlies aan voedingstowwe te voorkom asook om ongewenste mikrobiële aktiwiteit totaal stop te sit. Effektiewe kuilvoer-inokulante verseker vinnige pH-daling en beperk dus verliese aan voedingstowwe.

Sal ek 'n kostevoordeel sien?

Die koste van kuilvoer-inokulante kan wissel vanaf R5 tot amper R18 per behandelde ton. Meeste agente wat u plaas besoek, sal natuurlik vir u vertel hul produk is die beste. Dit is van uiterste belang om u “huiswerk” te doen en self te bepaal of die produk wat u wil koop regtig werk.

Om R5 per ton te spandeer op 'n produk wat niks doen om fermentering te verbeter nie, is 'n groter mors van geld as om R5 meer te betaal vir 'n produk wat wel die waarde van u kuilvoer verbeter. Evalueer kuilvoer-

inokulante volgens waarde, eerder as slegs volgens koste. Hoewel elke maatskappy verskeie voordele mag voorhou, is die eerste belangrikste eienskap van 'n goeie kuilvoer-inokulant dat dit die pH vinnig moet verlaag om verliese aan voedingstowwe te beperk. Indien u geen verskil in die kuilvoer kan sien of ruik nie, is die produk waarskynlik nie die geld werd nie.

Biostabil se doeltreffende kuilvoer-inokulante bevorder die inkuilingsproses en beperk verliese aan voedingstowwe. Biostabil se sukses op plase word deur die volgende hoofverbeteringe in inkuiling gerugsteun:

- verbeterde fermentering,
- langer aërobiese stabiliteit,
- hoër droëmateriaal en energie-herwinning.

Die aanwendingsmetode is alles

Van uiterse belang met die gebruik van inokulante, is die aanwending en toediening. Die regte aanwending is die boer se grootste uitdaging met kuilvoer-inokulante. Geen produk op die mark kan ordentlik werk indien die aanwysings op die etiket nie korrek nagevolg word nie. Inokulante moet tydens die kerfproses in die kerwer toegedien word en kalibrering moet gereeld nagegaan word. Enige ander aanwendingsmetode sal effektiwiteit verminder. Omdat kuilvoer-inokulante 'n aansienlike belegging is, moet eenvormige aanwending 'n prioriteit wees, om sodanig u belegging te beskerm – die bakterieë in die inokulant het nie voete nie en beweeg nie rond in die bunker nie.

Om te veel kuilvoer-inokulant aan te wend kan koste aansienlik verhoog, en om te min aan te wend is nutteloos.

In die praktyk is die maak van kuilvoer allesbehalwe eenvoudig. Dit is daarom belangrik om te fokus op die basiese beginsels van inkuiling. Kuilvoer-inokulante is slegs 'n hulpmiddel wat, wanneer dit reg gebruik word, vermorsing sal voorkom, verliese aan voedingstowwe sal verminder en kuilvoer meer smaaklik vir diere sal maak. Dit word algemeen aanvaar dat kuilvoer-inokulante die voer-inname sal verhoog en gevolglik diere se prestasie aansienlik kan verbeter.

Dit neem slegs 24 uur se fermentering om 'n groot impak op 365 dae se beplanning en harde werk te maak.

U kan dus self besluit: betaal nou, of betaal later meer. 